(5) The provisions of these regulations shall also *mutatis mutandis* apply to --

- (a) particulars that are marked on a notice board displayed at or in the immediate vicinity of the carcass, container or outer container of meat; and
- (b) advertisements and other procedures related to the sale of the carcass or meat.

#### **GENERAL**

##### ***Offences and Penalties***

24. Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of these regulations shall be guilty of an offence and upon conviction be liable to a fine or to imprisonment in accordance with item 11 of the Act.

## ANNEXURE/AANHANGSEL

TABLE 1/TABEL 1

**FATNESS CLASSIFICATION OF BOVINE, SHEEP AND GOAT CARCASSES/  
VETHEIDSKLASSIFIKASIE VAN BEES-, SKAAP- EN BOKKARKASSE  
(Reg. 7)**

Kind of animal/ Soort dier	Description of carcass in respect of fatness/ Beskrywing van karkas ten opsigte van vetheid	Fatness Class/ Vetheidsklas	Guideline for the thickness of the subcutaneous fat layer (mm)/Riglyn vir die dikte van die onderhuidse vetlaag (mm)	Guideline for the percentage subcutaneous fat (%)/ Riglyn vir die persentasie onderhuidse vet (%)
1	2	3	4	5
Bovine/Bees	No fat/Geen vet	0	Nil/Nul	Less than 1.0/Minder as 1.0
	Very lean/Baie maer	1	Less than 1/Minder as 1	At least 1.0 but not more than 3.6/ Minstens 1.0 maar hoogstens 3.6
	Lean/Maer	2	At least 1 but not more than 3/Minstens 1 maar hoogstens 3	More than 3.6 but not more than 5.6/Meer as 3.6 maar hoogstens 5.6
	Medium	3	More than 3 but not more than 5/Meer as 3 maar hoogstens 5	More than 5.6 but not more than 7.6/Meer as 5.6 maar hoogstens 7.6
	Fat/Vet	4	More than 5 but not more than 7/Meer as 5 maar hoogstens 7	More than 7.6 but not more than 9.6/Meer as 7.6 maar hoogstens 9.6
	Slightly overfat/ Matig oorvet	5	More than 7 but not more than 10/Meer as 7 maar hoogstens 10	More than 9.6 but not more than 11.7/Meer as 9.6 maar hoogstens 11.7
	Excessively overfat/ Uitermate oorvet	6	More than 10/Meer as 10	More than 11.7/Meer as 11.7

<b>Kind of animal/ Soort dier</b>	<b>Description of carcass in respect of fatness/ Beskrywing van karkas ten opsigte van vetheid</b>	<b>Fatness Class/ Vetheidsklas</b>	<b>Guideline for the thickness of the subcutaneous fat layer (mm)/Riglyn vir die dikte van die onderhuidse vetlaag (mm)</b>	<b>Guideline for the percentage subcutaneous fat (%)/ Riglyn vir die persentasie onderhuidse vet (%)</b>
1	2	3	4	5
Sheep/Skaap	No fat/Geen vet	0	Nil/Nul	Less than 1.0/Minder as 1.0
	Very lean/Baie maer	1	Less than 1/Minder as 1	At least 1.0 but not more than 5.6/Minstens 1.0 maar hoogstens 5.6
	Lean/Maer	2	At least 1 but not more than 4/Minstens 1 maar hoogstens 4	More than 5.6 but not more than 8.6/Meer as 5.6 maar hoogstens 8.6
	Medium	3	More than 4 but not more than 7/Meer as 4 maar hoogstens 7	More than 8.6 but not more than 11.6/Meer as 8.6 maar hoogstens 11.6
	Fat/Vet	4	More than 7 but not more than 9/Meer as 7 maar hoogstens 9	More than 11.6 but not more than 14.6/Meer as 11.6 maar hoogstens 14.6
	Slightly overfat/ Matig oorvet	5	More than 9 but not more than 11/Meer as 9 maar hoogstens 11	More than 14.6 but not more than 17.6/Meer as 14.6 maar hoogstens 17.6
	Excessively overfat/ Uitermate oorvet	6	More than 11/Meer as 11	More than 17.6/Meer as 17.6



Kind of animal/ Soort dier	Description of carcass in respect of fatness/ Beskrywing van karkas ten opsigte van vetheid	Fatness Class/ Vetheidsklas	Guideline for the thickness of the subcutaneous fat layer (mm)/Riglyn vir die dikte van die onderhuidse vetlaag (mm)	Guideline for the percentage subcutaneous fat (%)/ Riglyn vir die persentasie onderhuidse vet (%)
1	2	3	4	5
Goat/Bok	No fat/Geen vet	0	Nil/Nul	*
	Very lean/Baie maer	1	*	*
	Lean/Maer	2	*	*
	Medium	3	*	*
	Fat/Vet	4	*	*
	Slightly overfat/ Matig oorvet	5	*	*
	Excessively overfat/ Uitermate oorvet	6	*	*

\* Not specified/Nie gespesifiseer nie

TABLE 2/TABEL 2

**CONFORMATION CLASSIFICATION OF BOVINE, CALF, SHEEP, GOAT AND PIG CARCASSES/  
BOUVORMKLASSIFIKASIE VAN BEES-, KALF-, SKAAP-, BOK- EN VARKKARKASSE  
(Reg. 8)**

Kind of animal/ Soort dier	Description of carcass in respect of conformation/ Beskrywing van karkas ten opsigte van bouvorm	Conformation class/ Bouvormklas
1	2	3
All species/Alle spesies	Very flat/Baie plat Flat/Plat Medium Round/Rond Very round/Baie rond	1 2 3 4 5

TABLE 3/TABEL 3

**CLASSES FOR PORK CARCASSES/KLASSE VIR VARKKARKASSE**  
(Reg. 11)

<b>Class/Klas</b>	<b>Calculated percentage meat of carcass (%) #/Berekende persentasie vleis van karkas (%) #</b>	<b>Fat thickness measured by means of instruments (mm)/Vetdikte soos bepaal met instrumente (mm)</b>
1	2	3
Sucking pig/Speenvarc	*	*
P	70 and more/70 en meer	At least 1 but not more than 12/ Minstens 1 maar hoogstens 12
O	At least 68 but not more than 69/ Minstens 68 maar hoogstens 69	More than 12 but not more than 17/ Meer as 12 maar hoogstens 17
R	At least 66 but not more than 67/ Minstens 66 maar hoogstens 67	More than 17 but not more than 22/ Meer as 17 maar hoogstens 22
C	At least 64 but not more than 65/ Minstens 64 maar hoogstens 65	More than 22 but not more than 27/ Meer as 22 maar hoogstens 27
U	At least 62 but not more than 63/ Minstens 62 maar hoogstens 63	More than 27 but not more than 32/ Meer as 27 maar hoogstens 32
S	61 and less/61 en minder	More than 32/Meer as 32
Sausage pig/Worsvarc	*	*
Rough/Ru	*	*

\* Not specified/Nie gespesifiseer nie

# With due regard to regulation 12(3)/Met inagneming van regulasie 12(3)

**TABLE 4/TABEL 4**  
**STAMP MARKS/STEMPELMERKE**  
 (Reg. 15)

<b>Carcass characteristics/Karkaseienskappe</b>	<b>Class/Klas</b>	<b>Stamp mark/Stempelmerk</b>	<b>Colour of ink/Kleur van ink</b>	<b>Method of stamping/Wyse van stempeling</b>
1	2	3	4	5
Calf/Kalf [Reg. 5(2)]	Calf/Kalf	A	Brown/Bruin	With a double impression of the stamp mark/Met 'n dubbelafdruk van die stempelmerk
Age (bovine, sheep and goat/Ouderdom (bees, skaap en bok) [Reg. 6]	A AB B C	A AB B C	Purple/Pers Green/Groen Brown/Bruin Red/Rooi	In the case of a bovine carcass with a stamp mark on each quarter/In die geval van 'n beeskarkas met 'n stempelmerk op elke kwart
Fatness (bovine, sheep and goat)/Vetheid (bees, skaap en bok) [Reg. 7]	0 1 2 3 4 5 6	0 1 2 3 4 5 6	Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers	In the case of a sheep carcass with a fat tail with a double impression of the stamp mark; in the case of a bovine carcass with a stamp mark on each quarter/In die geval van 'n skaapkarkas met 'n vetstert met 'n dubbelafdruk van die stempelmerk; in die geval van 'n beeskarkas met 'n stempelmerk op elke kwart
Conformation (bovine, calf, sheep, goat and pig)/Bouvorm (bees, kalf, skaap, bok en vark) [Reg. 8 and/en 13]	1 2 3 4 5	1 2 3 4 5	Green/Groen Green/Groen Green/Groen Green/Groen Green/Groen	In the case of a bovine and calf carcass with a stamp mark on each side and in the case of a pig carcass with a stamp mark on one side/In die geval van 'n bees- en kalfkarkas met 'n stempelmerk op elke sy en in die geval van 'n varkkarkas met 'n stempelmerk op een sy
Damage (all species)/Beskadiging (alle spesies) [Reg. 9 and/en 14]	1 2 3	1 2 3	Brown/Bruin Red/Rooi Black/Swart	Shall be stamped in such a way as to indicate the damaged area/Word so aangebring dat dit die beskadigingsgebied aandui

<b>Carcass characteristics/Karkaseienskappe</b>	<b>Class/Klas</b>	<b>Stamp mark/Stempelmerk</b>	<b>Colour of ink/Kleur van ink</b>	<b>Method of stamping/Wyse van stempeling</b>
1	2	3	4	5
Masculinity (all species)/ Manlikheid (alle spesies) [Reg. 15(3)]	Male/ Manlik	M/D	Black/Swart	In the case of a bovine carcass with a stamp mark on each side in the immediate vicinity of the loin; in the case of a sheep and goat carcass with a stamp mark on each side in the immediate vicinity of the loin; in the case of a pig carcass with a stamp mark on each side in the immediate vicinity of the loin/In die geval van 'n beeskarkas met 'n stempelmerk op elke sy in die onmiddellike omgewing van die lende; in die geval van 'n skaap- en bokkarkas met 'n stempelmerk op elke sy in die onmiddellike omgewing van die lende; in die geval van 'n varkkarkas met 'n stempelmerk op elke sy in die onmiddellike omgewing van die lende
Sucking pig/Speenvark [Reg. 11(1)]	Sucking pig/ Speenvark	S	Purple/Pers	On forehead/Op voorkop
Percentage meat (pigs)/ Persentasie vleis(varke) [Reg. 11(2)]	P O R C U S	P O R C U S	Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers Purple/Pers	On each side in all the cases/ Op elke sy in al die gevalle
Sausage pig/ Worsvark [Reg. 11(3)]	Sausage pig/Wors- vark	W	Purple/Pers	One stamp mark on each but- tock/Een stempelmerk op elke boud
Rough/Ru [Reg. 11(4)]	Rough/Ru	RU	Black/Swart	One stamp mark on each side/ Een stempelmerk op elke sy

TABLE 5/TABEL 5

**CLASSIFICATION DEVIATIONS ALLOWED/KLASSIFIKASIE-AFWYKINGS TOEGELAAT**  
(Reg. 4(5), 10(5))

<b>Carcass characteristics/Karkaseienskappe</b>	<b>Percentage (%)* deviation/Persentasie (%)* afwyking</b>	<b>Action to be taken/Optrede om geneem te word</b>
1	2	3
Age (bovine, sheep and goat)/Ouderdom (bees, skaap en bok) [Reg. 6]	No deviation allowed	Depending on circumstances – Warning/Final warning/Code withdrawn (for responsible person)
Fatness (bovine, sheep and goat)/Vetheid (bees, skaap en bok) [Reg. 7] Conformation (bovine, calf and pig)/Bouvorm (bees, kalf en vark) [Reg. 8 and/en 13] Damage (all species)/Beskadiging (alle spesies) [Reg. 9 and/en 14] Gender (all species)/Geslag (alle spesies) [Reg. 15(3)]	Up to 6/Tot en met 6  More than 6 up to 20/Meer as % tot en met 20  More than 20/Meer as 20	No action/Geen optrede  Independent qualified person shall undergo refresher training/Onafhanklike gekwalifiseerde persoon moet opknapping ondergaan.  Independent qualified person shall be re-trained/Onafhanklike gekwalifiseerde persoon moet heropleiding ondergaan.
Percentage meat (pigs)/Persentasie vleis(varke) [Reg. 11(2)]	Incorrect measuring position deviation/Verkeerde metingsposisie afwyking:  Horizontal/Horisontaal - 5  Horizontal/Horisontaal - 20  Vertical/Vertikaal – 0 (between 2 <sup>nd</sup> and 3 <sup>rd</sup> rib)	Independent qualified person shall undergo refresher training/Onafhanklike gekwalifiseerde persoon moet opknapping ondergaan.  Independent qualified person shall be re-trained/Onafhanklike gekwalifiseerde persoon moet heropleiding ondergaan.  Independent qualified person shall be re-trained/Onafhanklike gekwalifiseerde persoon moet heropleiding ondergaan.

\* Based on 50 carcasses or what is available. If less than 50 - calculate on a 50 carcass basis

\* Gebaseer op 50 karkasse of wat beskikbaar is. Indien minder as 50 - bereken op 'n 50 karkas basis

TABLE 6/TABEL 6

**REQUIREMENTS FOR SERVICE PROVIDERS/VEREISTES VIR DIENSVERSKAFFERS**

(Definition for service provider/Definisie vir diensverskaffer)

<b>SERVICE PROVIDERS/DIENSVERSKAFFERS</b>	
<b>1.</b>	<p><b>Scope of the Service/Bestek van die Diens</b></p> <p>The service providers are responsible for providing the following services:/ Die diensverskaffers is verantwoordelik om die volgende dienste te lewer:</p> <p>1.1 Meat Classification (For all species of animals – Bovines, goats, sheep and pigs)/ Vleisklassifikasie (Vir al die dierspesies – Beeste, bokke, skape en varke)</p> <p>1.2 Auditing/ Ouditering</p> <p>1.3 Training/ Opleiding</p> <p>1.4 Reporting/ Verslaggewing</p>
<b>2.</b>	<p><b>Administrative Requirements/Administratiewe Vereistes</b></p> <p>2.1 The service providers shall be industry representative bodies or entities and legally identifiable by means of a registered business with the notification of directors and/or shareholders./ Die diensverskaffers moet industrie verteenwoordigende liggame of entiteite en wetlik identifiseerbaar wees by wyse van 'n geregistreerde besigheid met bekendmaking van direkteure en/of aandeelhouders.</p> <p>2.2 The service providers shall have a documented Quality Management System (QMS) which describes their functions and the technical scope of activity for which they are competent. The prescribed scope of meat classification will be determined by the executive officer and assignee./ Die diensverskaffers moet 'n gedokumenteerde Gehaltebeerstelsel ("QMS") hê wat hul funksies en die tegniese bestek van aktiwiteit waarvoor hul bekwaam is, beskryf. Die voorgeskrewe bestek van vleisklassifikasie sal deur die uitvoerende beamppte en gematigde bepaal word.</p> <p>2.3 The service providers shall be certified by the assignee./ Die diensverskaffers moet deur die gemagtigde gesertifiseer word.</p>
<b>3.</b>	<p><b>Independence, Impartiality and Integrity/Onafhanklikheid, Onpartydigheid en Integriteit</b></p> <p>3.1 General/Algemeen</p> <p>The personnel of the service providers shall be free from any commercial, financial and other pressures, which might affect their judgment. Persons from organisations external to the service providers may not be able to influence the results of meat classification being performed./ Die personeel van die diensverskaffers moet vry wees van enige kommersiële, finansiële en ander druk wat hul oordeel moontlik kan beïnvloed. Persone van organisasies buite die diensverskaffers mag nie die resultate van vleisklassifikasie wat uitgevoer word, kan beïnvloed nie.</p> <p>3.2 Independence/Onafhanklikheid</p> <p>The service providers shall be independent and provide a service that will meet the following criteria:/ Die diensverskaffers moet onafhanklik wees en 'n diens verskaf wat aan die volgende vereistes</p>

voldoen:

- (a) The service providers shall be independent of the parties involved. The service providers and their personnel responsible for carrying out meat classification may not be the purchaser, owner, user or agent of the meat or animal products which they classify, nor the authorised representative of any such person./  
Die diensverskaffers moet onafhanklik wees van die partye betrokke. Die diensverskaffers en hul personeel wat verantwoordelik is om vleisklassifikasie te verrig mag nie die koper, eienaar, gebruiker of agent van die vleis of diereprodukte wat hul klassifiseer, en ook nie die goedgekeurde verteenwoordiger van enige sulke persoon, wees nie.
- (b) The service providers and its personnel may not engage in any activities that may compromise their independence of judgment and integrity in relation to their meat classification activities. In particular they may not become directly or indirectly involved in the supply, the installation where animals are being slaughtered or the purchaser or agent of any meat or animal product./  
Die diensverskaffers en hul personeel mag nie deelneem aan enige aktiwiteite wat die onafhanklike oordeel en integriteit ten opsigte van hul vleisklassifikasie-aktiwiteite moontlik onder verdenking kan bring nie. In die besonder mag hulle nie direk of indirek betrokke raak in die lewering, die aanleg waar diere geslag word of die koper of agent van enige vleis of diereprodukt nie.
- (c) The executive officer and assignee shall have access to the relevant records pertaining to the services of the service providers./  
Die uitvoerende beampte en gemagtigde moet toegang hê tot die toepaslike rekords betreffende die dienste van die diensverskaffers.

#### 4. Confidentiality/Vertroulikheid

The service providers shall ensure confidentiality of information obtained in the course of their meat classification activities. Proprietary rights shall be protected./  
Die diensverskaffers moet die vertroulikheid van inligting verkry tydens hul vleisklassifikasie-aktiwiteite, verseker. Eiendomsreg moet beskerm word.

#### 5. Organisation and Management/Organisasie en Bestuur

- 5.1 The service providers shall have an organisational structure that enables them to maintain the capacity to perform their functions./  
Die organisasiestruktuur van die diensverskaffers moet hul in staat stel om die kapasiteit om hul funksies te verrig, te onderhou.
- 5.2 The service providers shall define and document the responsibilities and reporting structure of their organization (organizational chart)./  
Die diensverskaffers moet die verantwoordelikhede en verslaggewingstruktuur van hul organisasie definieer en dokumenteer (organisasie diagram).
- 5.3 The service providers shall have a manager (however named), who is experienced in the operation of service providers and who has overall responsibility that the meat classification activities are carried out in accordance with these regulations. The manager shall be a permanent employee./  
Die diensverskaffers moet 'n bestuurder hê (hoe ook al genoem), wat ondervinding in die werking van diensverskaffers en wie oorkoepelend verantwoordelikheid dra om toe te sien dat die vleisklassifikasiedienste volgens hierdie regulasies verrig word. Die bestuurder moet 'n permanente werknemer wees.
- 5.4 The service providers shall have designated persons who will deputize in the absence of any manager (however named) responsible for the rendering of the service./  
Die diensverskaffers moet aangewese persone hê wat sal waarneem in die afwesigheid van enige bestuurder (hoe ookal genoem) verantwoordelik vir die lewering van die diens.



- 5.5 Each operation within the service shall be described. These job descriptions shall include the requirements for education, training, technical knowledge and experience, and shall also indicate the roles and responsibilities as follows:
- (a) Teeth counting – independent qualified person or person under his/her supervision.
  - (b) Stamping – independent qualified person.
  - (c) Roller marking – independent qualified person or person under his/her supervision.
  - (d) Cleaning of classification equipment – independent qualified person or person under his/her supervision.
  - (e) Record keeping – independent qualified person.
  - (f) Identification of heads and carcasses – independent qualified person or person under his/her supervision.
  - (g) Fat thickness measurement (pork) - independent qualified person./

Elke werkswyse in die diens moet beskryf word. Hierdie werksbeskrywings moet die vereistes vir opleiding, tegniese kennis en ondervinding insluit, en moet ook die rolle en verantwoordelikhede as volg aandui:

- (a) Tande tel – onafhanklike gekwalifiseerde persoon of persoon onder sy/haar toesig.
  - (b) Stempel – onafhanklike gekwalifiseerde persoon.
  - (c) Rolmerk – onafhanklike gekwalifiseerde persoon of persoon onder sy/haar toesig.
  - (d) Skoonmaak van klassifikasietoerusting – onafhanklike gekwalifiseerde persoon of persoon onder sy/haar toesig.
  - (e) Rekordhouding – onafhanklike gekwalifiseerde persoon.
  - (f) Identifikasie van koppe en karkasse – onafhanklike gekwalifiseerde persoon of persoon onder sy/haar toesig.
  - (g) Meting van vetdikte (vark) - onafhanklike gekwalifiseerde persoon.
- 5.6 The service providers shall maintain a system for control of all documentation relating to their activities. It shall ensure that --/
- Die diensverskaffers moet 'n kontrolesisteem vir alle dokumentasie wat betrekking op hul aktiwiteite het, onderhou. Dit moet verseker dat --
- (a) the latest versions of the appropriate documentation are available at all relevant locations and to all relevant personnel;/  
die nuutste weergawes van die toepaslike dokumentasie by al die toepaslike persele en aan alle toepaslike personeel, beskikbaar is;
  - (b) all changes of documents or amendments to documents are covered by the correct authorisation and processed in a manner which will ensure timely availability at the appropriate locations;/  
die verandering van dokumente of wysigings aan dokumente deur die korrekte goedkeuring gedek is, en op 'n wyse verwerk word wat sal verseker dat dit betyds by die toepaslike bestemmings beskikbaar is;
  - (c) replaced documents are removed from use throughout the organisation, but one copy is filed for a determined period; and/  
vervangde dokumente regdeur die organisasie uit gebruik verwyder word, maar dat een afskrif geliasseer word vir 'n bepaalde tydperk; en
  - (d) other authorised parties, as necessary, are notified of changes./  
ander gemagtigde partye, soos nodig, ingelig word ten opsigte van die veranderinge.
- 5.7 The service providers shall carry out internal audits to verify compliance with the criteria of the Act and these regulations. The personnel performing the audits shall be suitably qualified./
- Die diensverskaffers moet interne oudits verrig om voldoening aan die vereistes van die Wet en hierdie regulasies te verifieer. Die personeel wat die oudits verrig moet toepaslik gekwalifiseer wees.
- 5.8 The service providers shall have documented procedures for dealing with feedback and corrective action whenever discrepancies are detected in the performance of services./

Die diensverskaffers moet oor gedokumenteerde prosedures beskik wat terugvoer en regstellende aksie aanspreek wanneer teenstrydighede opgemerk word in die uitvoering van dienste.

- 5.9 The management of the service providers shall review the service at appropriate intervals to ensure its continuing suitability and effectiveness. The results of such reviews shall be recorded./  
Die bestuur van die diensverskaffers moet die diens op geskikte tussenposes hersien ten einde die geskiktheid en effektiwiteit daarvan deurgans te verseker. Die resultate van sulke hersienings moet aangeteken word.

## 6. Personnel/Personeel

- 6.1 The service providers shall have a sufficient number and designated permanent personnel with the range of expertise to carry out their normal functions – this includes the availability of relief personnel./  
Die diensverskaffers moet oor 'n voldoende aantal en aangewese permanente personeel beskik met die bestek van kundigheid om hul normale funksies te kan uitvoer – dit sluit die beskikbaarheid van aflospersoneel in.
- 6.2 The personnel responsible for the meat classification service shall have relevant qualifications, training, experience and a satisfactory knowledge of the requirements of the service to be carried out. They shall have the ability to make professional judgments as to conformity with regulatory requirements and to report thereon./  
Die personeel verantwoordelik vir die vleisklassifikasiediens moet oor toepaslike kwalifikasies, opleiding, ondervinding en 'n voldoende kennis ten opsigte van die vereistes van die diens wat verrig moet word, beskik. Hulle moet oor die vermoë beskik om professionele besluite te neem ten opsigte van voldoening aan die regulatoriese vereistes, en om daarvoor verslag te lewer.
- 6.3 The service providers shall establish a documented training system to ensure that the training of their personnel, in the technical and administrative aspects of the work in which they will be involved, is kept up-to-date in accordance with their QMS, and it shall include –/  
Die diensverskaffers moet 'n gedokumenteerde opleidingsstelsel vestig om te verseker dat die opleiding van hul personeel, in die tegniese en administratiewe aspekte van die werk waarin hulle betrokke is, op datum gehou word volgens hul "QMS", en dit moet insluit –
- (a) an induction period;/  
'n intreeperiode;
  - (b) a supervised working period with experienced personnel; and/  
'n toesighoudende periode saam met ervare personeel; en
  - (c) continuation training, throughout employment, to keep pace with developing technology./  
voortgesette opleiding, regdeur die dienstydperk, om met ontwikkelende tegnologie tred te hou.
- 6.4 Records of academic or other qualifications, training and experience of each member of their personnel shall be maintained by the service providers./  
Rekords van akademiese en ander kwalifikasies, opleiding en ondervinding van elke lid van hul personeel moet deur die diensverskaffers in stand gehou word.
- 6.5 The service providers shall provide guidance for the conduct of their personnel, and a written code of conduct shall be available./  
Die diensverskaffers moet leiding m.b.t. gedrag aan hul personeel gee, en 'n geskrewe gedragskode moet beskikbaar wees.
- 6.6 The service providers shall ensure that personnel engaged in meat classification do not receive any compensation from sources other than the service providers./  
Die diensverskaffers moet toesien dat personeel betrokke by vleisklassifikasie nie enige vergoeding van bronne anders as die diensverskaffers ontvang nie.

6.7	<p>All personnel shall be clearly identifiable as being meat classifiers in service of the service providers./ Alle personeel moet duidelik as vleisklassifiseerders in diens van die diensverskaffers identifiseerbaar wees.</p>
6.8	<p>The service providers may only make use of competent personnel appearing on the national database of the assignee./ Die diensverskaffers mag net van bevoegde personeel wat op die gemagtigde se nasionale databasis voorkom, gebruikmaak.</p>
6.9	<p>The authorisation of a classifier found guilty of fraud in a court of law in accordance with these classification regulations, will be withdrawn permanently./ Die magtiging van 'n klassifiseerder wat in 'n regshof skuldig bevind is aan bedrog ingevolge hierdie klassifikasieregulasies, sal permanent teruggetrek word.</p>
<b>7.</b>	<b>Facilities and Equipment/Geriewe en Toerusting</b>  7.1 The service providers shall have access to adequate suitable facilities and equipment required for rendering the meat classification service./ Die diensverskaffers moet toegang hê tot voldoende geskikte geriewe en toerusting benodig vir die verrigting van die vleisklassifikasiediens.  7.2 The service providers shall ensure that all classification equipment is in proper working order and defects are documented and reported to the responsible person./ Die diensverskaffers moet verseker dat alle klassifikasietoerusting in goeie werkende toestand is en dat defekte gedokumenteer en aan die verantwoordelike persoon gerapporteer is.  7.3 The service providers shall ensure that, where appropriate, equipment is calibrated and tested for accuracy before slaughtering (e.g. Hennessey Grading Probe, intrascope, etc.)/ Die diensverskaffers moet toesien dat, waar toepaslik, toerusting gekalibreer en voor slagting vir akkuraatheid getoets is (bv. Hennessey Grading Probe, intraskoop, ens.).  7.4 Service providers shall take care that defective equipment is removed from service./ Diensverskaffers moet toesien dat foutiewe toerusting uit diens verwyder word.
<b>8.</b>	<b>Meat Classification Methods and Procedures/Vleisklassifikasimetodes en Prosedures</b>  8.1 The service providers shall use the methods and procedures for meat classification which are set out in these regulations, against which conformity is to be determined./ Die diensverskaffers moet die metodes en prosedures vir vleisklassifikasie soos in hierdie regulasies uiteengesit gebruik om nakoming vas te stel.
<b>9.</b>	<b>Handling Meat Classification Traceability/Hantering van Vleisklassifikasie Naspourbaarheid</b>  9.1 The service providers shall ensure that carcasses and heads thereof be evaluated and identified to avoid confusion regarding the identity of such items at any time (traceability)/ Die diensverskaffers moet toesien dat karkasse en die koppe daarvan ge-evalueer en ge-identifiseer is ten einde te alle tye verwarring rakende die identiteit daarvan te verhoed (naspourbaarheid).

No. R. 55

30 Januarie 2015

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990  
(WET No. 119 VAN 1990)

**REGULASIES BETREFFENDE DIE KLASSIFISERING EN MERK VAN VLEIS  
BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye het kragtens artikel 15 van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990) –

- (a) die regulasies in die Bylae uitgevaardig;
- (b) bepaal dat genoemde regulasies 6 maande na publikasie in werking sal tree; en
- (c) die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 863 van 1 September 2006, herroep.

**BYLAE**

**Woordomskrywings**

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken --

"**abattoir**" 'n slagfasiliteit soos omskryf in die Wet op Veiligheid van Vleis;

"**abattoir-identifikasiekode**" 'n kode wat in die rolmerk van karkasse en ook op stempels in die geval van varkkarkasse, gebruik word om die abattoir van oorsprong van die karkas te identifiseer;

"**bees**" beeste, maar sluit nie ander diere van die subfamilie Bovinae, bv. buffels en koedoes, in nie;

"**behandelde vleis**" die proses waardeur 'n chemiese oplossing met veroorloofde additiewe, stowwe en bestanddele by vleis gevoeg word deur middel van prosesse soos, maar nie beperk tot, inspuiting, op so 'n wyse dat daar 'n toename in die vleismassa is maar die voorkoms van die vleis steeds ooreenstem met die van 'n normale rou of bevrore rou karkas of vleissnit;

"**beskadigingsklassifikasie**" die klassifikasie van 'n karkas ten opsigte van beskadiging op die wyse in regulasie 9, of regulasie 9 soos toegepas by regulasie 14, uiteengesit;

"**bouvormklassifikasie**" die klassifikasie van 'n karkas ten opsigte van bouvorm op die wyse in regulasie 8, of regulasie 8 soos toegepas by regulasie 13, uiteengesit;

"**buitehouer**" die karton of kis wat een of meer houers vleis bevat;

"**diensverskaffer**" 'n onafhanklike organisasie of entiteit wat onafhanklike gekwalifiseerde persone voorsien wat vleisklassifikasiedienste by abattoirs verrig, en bevestig is deur die gemagtigde om aan die lys van vereistes in Tabel 6 te voldoen;

"**die Wet**" die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990);

"**die Wet op Veiligheid van Vleis**" die Wet op Veiligheid van Vleis, 2000 (Wet No. 40 van 2000);

"**geen vet**" geen aanduiding van sigbare onderhuidse vet op 'n karkas nie, met inagneming van regulasie 7(4);

"**gehalte-aanduiding**" 'n woord of uitdrukking of handelsnaam of handelsmerk of enige ander merk of simbool, wat regstreeks of by implikasie die keuse van die verbruiker kan beïnvloed om daardie spesifieke vleis te koop, wat deur die uitvoerende beamppte op skriftelike aansoek goedgekeur is vir gebruik in 'n rolmerk en/of as 'n stempel op die karkasse en/of as 'n aanduiding op vleis of op die verpakking daarvan;

**"gemagtigde"** 'n persoon, onderneming, liggaam, instelling, vereniging of raad kragtens artikel 2(3)(a) van die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet No. 119 van 1990) as sodanig aangewys;

**"houer"** die onmiddellike omhulsel waarin vleis vir verkoop verpak word;

**"ingevoer"** enige snitte, heel karkasse of dele van karkasse afkomstig van beeste skape, bokke of varke wat nie in die Republiek van Suid-Afrika geslag is nie;

**"ink"** enige kleurstof soos omskryf in die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972);

**"instrumente"** instrumente wat gebruik word vir die meting van die vetdikte van varkkarkasse (bv. Hennessey Grading Probe, intraskoop, ens.);

**"kalf"** 'n bees --

(a) met 'n karkasmasse van hoogstens 100 kg waarvan slegs die eerste ware molaar in die bokaak deurgebreek het; of

(b) waarvan die eerste ware molaar in die bokaak nog nie deurgebreek het nie;

**"karkas"** die oorblywende deel van 'n bees, skaap, bok of vark nadat die bloed daarvan gedreineer is en die huid, vel, hare, ingewande, harslag (hart, lewer en longe), kop, stert, kloutjies en pote, na gelang van die gebruike ten opsigte van 'n bepaalde diersoort, asook die mantelvlies, geslagsorgane en uier verwyder is, en ook --

(a) so 'n karkas wat lengtegewys langs die ruggraat daarvan in twee dele verdeel is; en

(b) 'n deel in paragraaf (a) na verwys, wat in twee ongeveer gelyke gedeeltes verdeel is;

**"klassifikasiestempels"** die stempels wat deur die onafhanklike gekwalifiseerde persoon gebruik word om die karkas te stempel volgens die vleisklassifikasievereistes op die wyse in regulasie 15 uiteengesit;

**"klassifikasietoerusting"** rolmerktoerusting, klassifikasiestempels en instrumente;

**"massa"** met betrekking tot 'n karkas, die massa tot die naaste kilogram soos tydens vleisklassifikasie bepaal;

**"onafhanklike gekwalifiseerde persoon"** 'n individu wat in diens van 'n diensverskaffer vleisklassifikasie verrig, wat opgelei en daarna suksesvol geassesseer is deur die gemagtigde in vleisklassifikasie in terme van die vereistes van hierdie regulasies, en wat geen verbintenis, hetsy direk of indirek, met die betrokke abattoir het nie;

**"onderhuidse vetpersentasie"** al die sigbare vet van 'n karkas wat verwyder kan word, uitgedruk as 'n persentasie van die verkoelde karkasmasse;

**"ouderdomsklassifikasie"** die klassifikasie van 'n karkas ten opsigte van ouderdom op die wyse in regulasie 6 uiteengesit;

**"persentasie vleis"** met betrekking tot 'n varkkarkas, die vleisinhoud van so 'n karkas na verwydering van die kop, wange, kloutjies, vel, onderhuidse vet, niere en niervet, stert en -been, uitgedruk as 'n persentasie van die karkas sonder die kop, wange, kloutjies, niere en niervet, en stert;

**"registrasie/geregistreer"** ten opsigte van die abattoir-identifikasiekode, die proses waardeur die uitvoerende beampte 'n abattoir-identifikasiekode toeken, soos voorgestel deur die verantwoordelike persoon, aan 'n abattoir wat beoog om vleis te klassifiseer;

**"rolmerktoerusting"** die toerusting wat gebruik word om geklassifiseerde karkasse te rolmerk op die wyse in regulasies 17 tot 20 uiteengesit;

**"uitvoerende beampte"** die beampte kragtens artikel 2(1) van die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet No. 119 van 1990) aangewys;

"**verantwoordelike persoon**" enige individu, vennootskap, korporasie, vereniging of enige ander besigheidseenheid, wat in besit of beheer van 'n abattoir is;

"**veroorloof**" veroorloof kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972);

"**vetdikte**" met betrekking tot 'n varkkarkas, die dikte van die rugvet met inbegrip van die vel, soos op die wyse in regulasie 12 beoog, bepaal;

"**vetheidsklassifikasie**" die klassifikasie van 'n karkas ten opsigte van vetheid op die wyse in regulasie 7 uiteengesit;

"**vleis**" daardie gedeeltes van 'n karkas wat normaalweg vir menslike verbruik verkoop word; en

"**vleisklassifikasie**" --

- (a) evaluasie en merk van die karkas op die wyse in hierdie regulasies uiteengesit, deur middel van ouderdoms-, vetheid-, bouvorm, en beskadigingsklassifikasie en geslag;
- (b) om toe te sien dat hierdie regulatoriese vereistes ten opsigte van ouderdom, vetheid, bouvorm, beskadig en geslag gehandhaaf word (soos vereis in Tabel 6); en
- (c) om te kontroleer en aan die diensverskaffers te rapporteer rakende enige aspek van nie-voldoening aan die vereistes van hierdie regulasies (soos vereis in Tabel 6).

***Beperking op die verkoop van vleis***

2. (1) Niemand mag, behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), vleis in die Republiek van Suid-Afrika verkoop nie --

- (a) tensy daardie vleis afkomstig is van 'n karkas wat volgens 'n klas ingevolge regulasie 4 of 10 geklassifiseer is;
  - (b) tensy daardie karkas aan die standaard of ander eienskappe van sodanige klasse soos in hierdie regulasies bedoel, voldoen;
  - (c) tensy die voorgeskrewe vereistes in verband met die merk van die karkas ingevolge regulasies 15, 16, 17, 18, 19 en 20 nagekom is;
  - (d) tensy die voorgeskrewe vereistes in verband met die merk van ingevoerde en behandelde vleis ingevolge regulasie 21 nagekom is; en
  - (e) indien in die proses van verkoop beperkte besonderhede ten opsigte van die vleis of karkasse gebruik word.
- (2) Hierdie verbod is slegs van toepassing op --
- (a) die verkoop van vleis van karkasse wat verkry is van die diere wat geslag is by 'n abattoir ten opsigte waarvan 'n abattoir-identifikasiekode ingevolge regulasie 3 geregistreer is;
  - (b) die verkoop van vleis of karkasse wat met enige merk, simbool of ander begripsuitdrukking gemerk is wat 'n gehalte-aanduiding of aanduiding van 'n klas daarvan is of voorgee om te wees;
  - (c) die verkoop van behandelde vleis of karkasse wat nie korrek behandel en/of beskryf is nie; en/of

(d) die gebruik van beperkte besonderhede in die verkoop van vleis of karkasse.

(3) Die Uitvoerende Beampte kan iemand skriftelik, in die geheel of gedeeltelik, op die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, van die bepalings van subregulasie (1) vrystel.

***Abattoir-identifikasiekode en klassifikasietoerusting***

3. (1) 'n Abattoir-identifikasiekode vir gebruik in die rolmerk van 'n karkas word op skriftelike aansoek deur die uitvoerende beampte vir die verantwoordelike persoon van die abattoir geregistreer: Met dien verstande dat --

- (a) die abattoir oor 'n geldige registrasiesertifikaat soos uitgereik in terme van die Wet op Veiligheid van Vleis beskik, of amptrelike tydelike geskrewe bewys het van voldoening aan die Wet op Veiligheid van Vleis; en
- (b) die abattoir oor die dienste van 'n onafhanklike gekwalifiseerde persoon deur 'n diensverkaffer voorsien, beskik.

(2) So 'n kode vermeld in subparagraaf (1) mag slegs gebruik word in die abattoir waarvoor dit geregistreer is.

- (3) (a) Indien 'n abattoir-identifikasiekode vir 'n abattoir geregistreer is, moet al die karkasse van 'n spesie afkomstig van daardie abattoir, geklassifiseer en gerolmerk word indien 40 en meer van die betrokke spesie per maand geslag word.
- (b) 'n Grasietydperk van hoogstens drie maande na die registrasie van 'n abattoir-identifikasiekode word toegelaat ten opsigte van die implementering van die vleisklassifisering en rolmerk vir elke spesie waarvan 40 en meer van die betrokke spesie per maand by die abattoir geslag word.

(4) Die uitvoerende beampte mag 'n abattoir-identifikasiekode intrek indien --

- (a) die rolmerk van karkasse nie binne die tydbeperk in subregulasie (3)(b) genoem, geïmplementeer word nie;
- (b) die abattoir nie enige karkasse gedurende enige tydperk van 30 dae klassifiseer of rolmerk nie, uitgesluit die grasietydperk in subregulasie (3)(b) vermeld;
- (c) die abattoir nie oor die dienste van 'n onafhanklike gekwalifiseerde persoon deur 'n diensverkaffer voorsien, beskik nie;
- (d) die merk en klassifisering van karkasse, na die oordeel van die uitvoerende beampte of gemagtigde, nie ooreenkomstig hierdie Regulasies geskied nie;
- (e) die registrasiesertifikaat uitgereik in terme van die Wet op Veiligheid van Vleis of die amptrelike tydelike geskrewe bewys teruggetrek is; of
- (f) die abattoir nie binne 30 dae van die aanvang van elke kalendermaand die gelde soos uiteengesit in artikel 3(1A) van die Wet, aan die Gemagtigde betaal nie.

(5) Indien 'n abattoir-identifikasiekode ingevolge subregulasie (4) ingetrek word, moet alle rolmerktoerusting binne 24 uur na sodanige intrekking, aan die naaste polisiekantoor vir afhaal deur die gemagtigde, of direk aan die gemagtigde oorhandig word, vir veilige bewaring totdat --

- (a) die abattoir weer ingevolge subregulasie (1) heraanzoek doen en herregistreer word met dieselfde of 'n nuwe abattoir-identifikasiekode, na gelang van die geval; of
- (b) die verantwoordelike persoon besluit om die rolmerktoerusting aan 'n ander abattoir, wat gemagtig is om karkasse te klassifiseer, oor te dra.

(6) 'n Abattoir hoef slegs ingevolge subregulasie (1) heraanzoek te doen vir 'n nuwe abattoir-identifikasiekode in gevalle waar sodanige intrekking ingevolge subregulasie (4)(d) plaasgevind het.

(7) Die diensverskaffer moet die uitvoerende beampte of gemagtigde binne 24 uur in kennis stel indien daar 'n verandering van die onafhanklike gekwalifiseerde persoon, by 'n abattoir is.

(8) Indien 'n abattoir die dienste van die onafhanklike gekwalifiseerde persoon verloor, of vleisklassifikasie permanent staak, moet die uitvoerende beampte sowel as die gemagtigde binne 24 uur in kennis gestel word en moet alle klassifikasietoerusting binne 24 uur aan die naaste polisiekantoor vir afhaal deur die gemagtigde, of direk aan die gemagtigde oorhandig word vir veilige bewaring.

(9) Klassifikasietoerusting wat gebruik word om vleis te klassifiseer en te rolmerk mag slegs deur die gemagtigde verskaf word.

(10) Indien daar enige verlies van klassifikasietoerusting waargeneem word, moet die verantwoordelike persoon van die abattoir binne 24 uur --

- (a) skriftelik deur middel van dokumentasie of 'n verklaring die uitvoerende beampte of die gemagtigde van sodanige verliese in kennis stel;
- (b) die geval by die polisie aanmeld; en
- (b) by die uitvoerende beampte aansoek doen vir 'n nuwe abattoir-identifikasiekode indien rolmerktoerusting verloor of gesteel is.

(11) Alle karkasse waarvan 40 en meer van die betrokke spesie per maand geslag word, afkomstig van 'n abattoir waarvoor 'n abattoir-identifikasiekode geregistreer is, moet in die abattoir geklassifiseer en, uitgesluit varkkarkasse, ook gerolmerk word.

(12) Die verantwoordelike persoon van 'n abattoir waarvoor 'n abattoir-identifikasiekode geregistreer is, moet te alle tye 'n volledige, opgedateerde inventaris van alle klassifikasietoerusting vir inspeksie beskikbaar hê, en is ook verantwoordelik vir die veilige bewaring van sulke klassifikasietoerusting.

#### **KLASSIFISERING VAN KALF-, BEES-, SKAAP- EN BOKKARKASSE**

##### ***Klasse vir kalf-, bees-, skaap- en bokkarkasse***

4. (1) Die karkas van 'n kalf, bees, skaap of bok moet volgens regulasie 5 geklassifiseer word.

(2) Die klassifisering van 'n karkas word --

- (a) in die geval van 'n kalf, op die hele karkas of op 'n sy daarvan gedoen;
- (b) in die geval van 'n bees, op die hele karkas of op 'n sy daarvan gedoen of, waar die karkas in so 'n mate beskadig is dat die sy gekwart is, op 'n kwart daarvan; of
- (c) op die hele karkas gedoen.

(3) Die klassifisering moet op die dag van slagting plaasvind.

(4) Die wit lig sterkte by die punt van klassifikasie moet ten minste 540 lux wees.

(5) Die persentasie toegelate afwykings vir klassifikasie by die abattoir en in die geval van klagtes ontvang ten opsigte van van afwykings in handel, word in Tabel 5 aangedui.



**Standaard vir klasse**

5. (1) Die karkas van 'n bees, skaap of bok word volgens --
- (a) ouderdom as die ouderdomsklasse A, AB, B of C ooreenkomstig die bepalings van regulasie 6 geklassifiseer;
  - (b) vetheid as die klasse 0, 1, 2, 3, 4, 5 of 6 ooreenkomstig die bepalings van regulasie 7 geklassifiseer;
  - (c) bouvorm as die klasse 1, 2, 3, 4 of 5 ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 geklassifiseer; en
  - (d) beskadiging as die klasse 1, 2 of 3 ooreenkomstig die bepalings van regulasie 9 geklassifiseer.
- (2) Die karkas van 'n kalf (verwys na woordoms krywing) word volgens --
- (a) ouderdom en massa as die klas "Kalf" geklassifiseer;
  - (b) bouvorm as die klasse 1, 2, 3, 4 of 5 ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 geklassifiseer; en
  - (c) beskadiging as die klasse 1, 2 of 3 ooreenkomstig die bepalings van regulasie 9 geklassifiseer.

**Bepaling van ouderdomsklassifikasie**

6. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2), (3) en (4) word die karkas van 'n bees, skaap of bok wat --
- (a) geen permanente snytande het nie, as "Ouderdomsklas A" geklassifiseer;
  - (b) minstens een maar hoogstens twee permanente snytande het, as "Ouderdomsklas AB" geklassifiseer;
  - (c) minstens drie maar hoogstens ses permanente snytande het, as "Ouderdomsklas B" geklassifiseer; en
  - (d) meer as ses permanente snytande het, as "Ouderdomsklas C" geklassifiseer.
- (2) Die karkas van 'n bees, skaap of bok waarvan die kop nie beskikbaar is vir die bepaling van ouderdomsklassifikasie nie, word geag 'n karkas van Ouderdomsklas C te wees.
- (3) Die karkas van 'n kalf waarvan die kop nie beskikbaar is vir die bepaling van die ouderdomsklassifikasie nie, word geag die karkas van 'n bees van Ouderdomsklas A te wees tensy die persoon wat die klassifikasie doen, oortuig is dat dit die karkas van 'n kalf is.
- (4) Alle karkasse wat geslag word by 'n geregistreerde abattoir, moet te alle tye, vir die doeleindes van ouderdomsklassifikasie, identifiseerbaar wees met die kop van sodanige karkas, deur of elke afsonderlike karkas en kop met 'n ooreenstemmende nommer of merk te identifiseer, of deur middel van 'n metode wat vir die uitvoerende beampte en gemagtigde aanvaarbaar is.

**Bepaling van vetheidsklassifikasie**

7. (1) Die karkas van 'n dier wat, soos uiteengesit in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel, aan die hand van 'n visuele evaluering of berekening van die onderhuidse vetverspreiding daarvan, beskryf kan word soos in kolom 2 daarteenoor uiteengesit, moet ten opsigte van vetheid as die klas in kolom 3 teenoor die betrokke beskrywing vermeld, geklassifiseer word.
- (2) 'n Beskrywing in subregulasie (1) bedoel kan in die geval van 'n verkoelde karkas 'n onderhuidse vetlaag met 'n dikte soos in kolom 4 van Tabel 1 teenoor die betrokke beskrywing vermeld, verteenwoordig wat --

- (a) in die geval van 'n bees, tussen die tiende en elfde ribbe en 50 mm vanaf die middellyn van daardie karkas gemeet word; of
- (b) in die geval van 'n skaap, tussen die derde en vierde lumbale werwels en 25 mm vanaf die middellyn van daardie karkas gemeet word.

(3) 'n Beskrywing in subregulasie (1) bedoel kan in die geval van 'n verkoelde karkas 'n persentasie onderhuidse vet soos in kolom 5 van Tabel 1 teenoor die betrokke beskrywing vermeld, verteenwoordig.

(4) In die geval van bees-, skaap- en bokkarkasse moet enige sigbare vet wat op die volgende area op die karkas voorkom, geïgnoreer word by die bepaling van die vetheidsklas:

- (a) Beeskarkas: Rondom die stertwortel en bekkenholte binne 'n radius van 100 mm.
- (b) Skaap- en bokkarkas: Rondom die stertwortel en bekkenholte binne 'n radius van 50 mm.

#### **Bepaling van bouvormklassifikasie**

8. Die karkas van 'n dier wat, soos uiteengesit in kolom 1 van Tabel 2 van die Aanhangsel, wat aan die hand van 'n visuele evaluering van die bouvorm daarvan, beskryf kan word soos in kolom 2 daarteenoor uiteengesit, moet ten opsigte van bouvorm as die klas in kolom 3 teenoor die betrokke beskrywing vermeld, geklassifiseer word.

#### **Bepaling van beskadigingsklassifikasie**

9. (1) Die karkas van 'n kalf, bees, skaap of bok wat in so 'n mate beskadig is dat, met inagneming van die ligging, omvang en diepte van die beskadiging, die vet-tot-vleis-tot-beenverhouding van so 'n karkas --

- (a) slegs in 'n geringe mate versteur is, word as Klas 1 ten opsigte van beskadiging geklassifiseer;
- (b) matig versteur is, word as Klas 2 ten opsigte van beskadiging geklassifiseer; of
- (c) erg versteur is, word as Klas 3 ten opsigte van beskadiging geklassifiseer.

### **KLASSIFISERING VAN VARKKARKASSE**

#### **Klasse vir varkkarkasse**

10. (1) Varkkarkasse word as "Speenvark", "Klas P", "Klas O", "Klas R", "Klas C", "Klas U", "Klas S", "Worsvark" of "Ru" geklassifiseer soos aangedui in Tabel 3, saamgelees met regulasies 11 tot 14.

(2) Die klassifisering van 'n varkkarkas word op die hele karkas of op 'n sy daarvan gedoen.

(3) Die klassifisering moet op die dag van slagting plaasvind.

(4) Die wit lig sterkte by die punt van klassifikasie moet ten minste 540 lux wees.

(5) Die persentasie toegelate afwykings vir klassifikasie by die abattoir en in die geval van klagtes ontvang ten opsigte van van afwykings in handel, word in Tabel 5 aangedui.

#### **Standaarde vir klasse**

11. (1) 'n Varkkarkas met 'n massa van 20 kg of minder word as die klas "Speenvark" geklassifiseer.

(2) 'n Varkkarkas met 'n massa van 20,1 kg of meer maar nie meer as 100 kg word as 'n klas, soos uiteengesit in kolom 1 van Tabel 3 van die Aanhangsel, geklassifiseer indien die berekende persentasie vleis van die karkas is soos in kolom 2 van die tabel teenoor die betrokke klas vermeld.

(3) 'n Varkkarkas met 'n massa van 100,1 kg of meer word as die klas "Worsvark" geklassifiseer.

(4) 'n Varkkarkas word as "Ru" geklassifiseer indien --

- (a) dit 'n karkas van bouvorm klas 1 is;
- (b) dit op voorkoms opsigtelik swak telingseienskappe toon;
- (c) dit 'n vermaerde karkas is;
- (d) die vel daarvan opsigtelik dik en skurf vertoon; of
- (e) die vet daarvan uitermatig olierig vertoon.

#### **Bepaling van persentasie vleis**

12. (1) Die persentasie vleis van 'n varkkarkas word bereken nadat --

- (a) die vetdikte en spierdikte met behulp van 'n elektroniese diktemeter; of
- (b) die vetdikte met behulp van 'n intraskoop, tussen die 2de en 3de laaste rib en 45 mm vanaf die middellyn van die karkas gemeet is terwyl dit in 'n hangende posisie is.

(2) Die persentasie vleis word, afhangende van die tegniek, met behulp van die volgende formules bereken (vetdikte en spierdikte in mm):

Elektroniese persentasie vleis =  $72.5114 - (0.4618 \times \text{vetdikte}) + (0.0547 \times \text{spierdikte})$ .

Intraskoop persentasie vleis =  $74.4367 - (0.4023 \times \text{vetdikte})$ .

(3) Die resultaat van 'n berekening in subregulasie (2) uiteengesit, word tot die naaste heelgetal afgerond voordat 'n karkas geklassifiseer word.

#### **Bepaling van bouvormklassifikasie**

13. Die klassifikasie van 'n varkkarkas ten opsigte van bouvorm word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 gedoen.

#### **Bepaling van beskadigingsklassifikasie**

14. Die klassifikasie van 'n varkkarkas ten opsigte van beskadiging word ooreenkomstig die bepalings van regulasie 9 gedoen.

### **MERK VAN KARKASSE**

#### **Stempelmerke**

15. (1) (a) Elke karkaseienskap, soos uiteengesit in kolom 1 van Tabel 4 van die Aanhangsel waaraan 'n klas in kolom 2 toegeken is, word met 'n stempelmerk soos in kolom 3 teenoor daardie klas aangedui, op die betrokke karkas gemerk.
- (b) 'n Stempelmerk word aangebring in die inkkleur in kolom 4 van die genoemde tabel teenoor die betrokke stempelmerk vermeld en, waar van toepassing, op die wyse in kolom 5 daarteenoor uiteengesit.

- (c) Alle stempelmerke moet op die dag van slagting op die karkas aangebring word.
- (2) (a) Elke karkas van 'n bees, skaap of bok moet met 'n aanduiding van die getal permanente snytande gemerk word.
- (b) Die aanduiding moet, in die geval van --
- (i) beeste, met 'n onuitwisbare inktlood op beide kante van die atlas-werwel gemerk word, en met 'n stempel in die toepaslike kleur ink, soos uiteengesit in kolom 4 van Tabel 4 van die Aanhangsel, teenoor "Ouderdom" in kolom 1 van die tabel vermeld, op die karkas gestempel word; en
- (ii) skape en bokke, met die inkkleur wat die ouderdomsklas verteenwoordig op die linker agter skenkel gemerk word, en met 'n stempel in die toepaslike kleur ink, soos uiteengesit in kolom 4 van Tabel 4 van die Aanhangsel, teenoor "Ouderdom" in kolom 1 van die tabel vermeld, op die karkas gestempel word.
- (3) (a) Die karkas van 'n beer asook van 'n burg wat tekens van laat kastrasie toon, moet met die stempelmerk "M/D" op elke sy van die karkas in die onmiddellike omgewing van die lende, geïdentifiseer word.
- (b) Die karkas van 'n skaapram, 'n bokram of 'n bul wat as Ouderdomsklas AB, Ouderdomsklas B of Ouderdomsklas C geklassifiseer is, moet met die stempelmerk "M/D" op elke sy van die karkas in die onmiddellike omgewing van die lende, geïdentifiseer word.
- (c) Die karkas van 'n hamel, 'n kapater of 'n os wat tekens van laat kastrasie toon en wat as Ouderdomsklas AB, Ouderdomsklas B of Ouderdomsklas C geklassifiseer is, moet met die stempelmerk "M/D" op elke sy van die karkas in die onmiddellike omgewing van die lende, geïdentifiseer word.
- (4) In die geval van 'n varkkarkas moet die abattoir-identifikasiekode met 'n stempel of onuitwisbare inktlood op elke sy, in die onmiddellike omgewing van ander stempelmerke in hierdie regulasies vermeld, in pers ink aangebring word.
- (5) Alle stempelmerke moet netjies en duidelik leesbaar wees.
- (6) Stempelmerke moet binne die 50 mm en 80mm soos aangedui in regulasie 18(1)(b) en (c), aangebring/geplaas word.
- (7) 'n Gehalte-aanduiding mag ook met 'n stempel op die karkas aangebring word.

#### **Inkmerke**

16. (1) Die karkas van 'n ram of bul wat as Ouderdomsklas AB, Ouderdomsklas B of Ouderdomsklas C geklassifiseer is, moet duidelik sigbaar, leesbaar en netjies op die volgende area met swart ink gemerk word:

- (a) Skaap- en bokram: Op die agterpunt van die regter agterskenkel.
- (b) Bul: Op die voerpunt van die regter voorskenkel.

(2) Die merk moet by dieselfde punt op die slaglyn as waar die ouderdomsbepaling gedoen word, aangebring word.

#### **Rolmerk van karkasse**

17. (1) Elke karkas wat geklassifiseer is soos beoog in hierdie regulasies moet gerolmerk word oor die volle lengte van elke sy of kwart daarvan met die voorgeskrewe besonderhede vir die soort dier betrokke.

- (2) Elke karkas moet op die dag van slagting gerolmerk word.
- (3) Die rolmerk moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - (a) Al die letters en syfers in die rolmerk moet van dieselfde soort en grootte wees.
  - (b) Die vertikale hoogte van die letters en syfers in die rolmerk moet minstens 6 mm en hoogstens 8 mm wees.
  - (c) Die spasie tussen die rye letters en syfers moet 6 mm wees.
  - (d) Die breedte van die rolmerk moet tussen 28 en 29 mm, of tussen 42 en 43 mm wees.
  - (e) Die rolmerkink moet eweredig oor die hele lengte van die rolmerk versprei wees.
- (4) Die karkas van 'n kalf, bees, skaap of bok kan ook met 'n afsonderlike rolmerk gerolmerk word wat bestaan uit die uitdrukking "HALAL", "KOSHER" of "KOSJER".
- (5) Alle rolmerke moet netjies en duidelik leesbaar wees.

***Rolmerk van bees-, skaap- en bokkarkasse***

18. (1) Elke bees-, skaap- of bokkarkas wat geklassifiseer is soos beoog in hierdie regulasies moet gerolmerk word --
- (a) op beide sye van die karkas;
  - (b) 50 mm vanaf en parallel met die middellyn van die karkas in die geval van 'n skaap- of bokkarkas;
  - (c) 80 mm vanaf en parallel met die middellyn van die karkas in die geval van 'n beeskarkas; en
  - (d) vanaf die agterskenkelkant regoor die rug van die karkas tot by die nek.
- (2) Die rolmerk vir 'n bees-, skaap- of bokkarkas moet die volgende aandui:
- (a) Ouderdomsklas.
  - (b) Vetheidsklas.
  - (c) Abattoir-identifikasiekode.
- (3) Die rolmerk moet, in die geval van die karkas van --
- (a) 'n bees of skaap wat geklassifiseer is as ouderdomsklas --
    - (i) A, aangebring word met pers ink;
    - (ii) AB, aangebring word met groen ink;
    - (iii) B, aangebring word met bruin ink; en
    - (iv) C, aangebring word met rooi ink.
  - (b) 'n bok, aangebring word met oranje ink.

(4) Die ouderdomsklas van 'n bees-, skaap- of bakkarkas moet, in die geval van ouderdomsklas --

- (a) A, aangedui word deur die simbole "AAA";
- (b) AB, aangedui word deur die simbole "ABAB";
- (c) B, aangedui word deur die simbole "BBB"; en
- (d) C, aangedui word deur die simbole "CCC".

(5) Die vetheidsklas van 'n bees-, skaap- of bakkarkas moet, in die geval van vetheidsklas --

- (a) 0, aangedui word deur die simbole "000";
- (b) 1, aangedui word deur die simbole "111";
- (c) 2, aangedui word deur die simbole "222";
- (d) 3, aangedui word deur die simbole "333";
- (e) 4, aangedui word deur die simbole "444";
- (f) 5, aangedui word deur die simbole "555"; en
- (g) 6, aangedui word deur die simbole "666".

(6) (a) Die twaalf rye simbole in die rolmerk vir 'n bees-, skaap- of bakkarkas word soos volg saamgestel:

- (i) Die ouderdomsklas moet minstens vier keer voorkom.
- (ii) Die vetheidsklas moet minstens vier keer voorkom.
- (iii) Die abattoir-identifikasiekode moet minstens vier keer voorkom.

(b) Indien 'n gehalte-aanduiding in die rolmerk voorkom, moet die twaalf rye simbole in die rolmerk as volg saamgestel word --

- (i) in die geval waar die gehalte-aanduiding twee reëls en die abattoir-identifikasiekode twee reëls beslaan, moet die ouderdomsklas drie maal, die vetheidsklas drie maal, die gehalte-aanduiding twee maal en die abattoir-identifikasiekode een maal, afwisselend, in die rolmerk verskyn;
- (ii) in die geval waar die gehalte-aanduiding twee reëls en die abattoir-identifikasiekode een reël beslaan, moet die ouderdomsklas drie maal, die vetheidsklas drie maal, die gehalte-aanduiding twee maal en die abattoir-identifikasiekode twee maal, afwisselend, in die rolmerk verskyn;
- (iii) in die geval waar die gehalte-aanduiding een reël en die abattoir-identifikasiekode twee reëls beslaan, moet die ouderdomsklas drie maal, die vetheidsklas drie maal, die gehalte-aanduiding twee maal en die abattoir-identifikasiekode twee maal, afwisselend, in die rolmerk verskyn; of
- (iv) in die geval waar die gehalte-aanduiding een reël en die abattoir-identifikasiekode een reël beslaan, moet die ouderdomsklas drie maal, die vetheidsklas drie maal, die gehalte-aanduiding drie maal en die abattoir-identifikasiekode drie maal, afwisselend, in die rolmerk

verskyn: Met dien verstande dat die gehalte-aanduiding addisioneel op die karkas gestempel of op sy eie as stempel gebruik mag word.

#### ***Rolmerk van kalfkarkasse***

19. (1) Die rolmerk van 'n kalfkarkas moet die volgende aandui:
- (a) Ouderdomsklas.
  - (b) Abattoir-identifikasiekode.
- (2) In die geval van 'n kalfkarkas moet --
- (a) die rolmerk met bruin ink aangebring word; en
  - (b) die ouderdomsklas deur die afwisselende simbole "CALF" en "KALF" aangedui word.
- (3) (a) Die twaalf rye simbole in die rolmerk vir 'n kalfkarkas word soos volg saamgestel:
- (i) Die ouderdomsklas moet minstens agt keer voorkom.
  - (ii) Die abattoir-identifikasiekode moet minstens vier keer voorkom.
- (b) Indien 'n gehalte-aanduiding in die rolmerk voorkom, moet die ouderdomsklas minstens ses keer en die abattoir-identifikasiekode minstens vier keer voorkom: Met dien verstande dat die gehalte-aanduiding addisioneel op die karkas gestempel of op sy eie as stempel gebruik mag word.

#### ***Rolmerk van varkkarkasse***

20. (1) Varkkarkasse mag met die volgende besonderhede gerolmerk word:
- (a) Abattoir-identifikasiekode.
  - (b) 'n Gehalte-aanduiding: Met dien verstande dat die gehalte-aanduiding addisioneel op die karkas gestempel of op sy eie as stempel gebruik mag word.
- (2) Indien varkkarkasse gerolmerk word, moet die rolmerk met pers ink aangebring word.

### **MERK VAN VLEIS**

#### ***Ingevoerde en behandelde vleis***

21. (1) Elke buitenuer vleis wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer word, moet met die volgende besonderhede gemerk word:
- (a) Die naam van die land van herkoms van die vleis.
  - (b) Die spesies (bv. bees, skaap, vark).
  - (c) Die soort snit, datum van verpakking en netto massa van die vleis.
- (2) Wanneer ingevoerde vleis bestem vir verkoop in die kleinhandel in houer verpak word, moet elke sodanige houer met die uitdrukking "produk van" gevolg deur die naam van die land, of lande van herkoms geskei deur en/of, gemerk word.
- (3) Die houer van elke hoeveelheid ingevoerde vleis wat in die kleinhandel verkoop word, mag slegs met 'n ooreenstemmende aanduiding van die ouderdomsklas gemerk word indien die karkas van oorsprong ooreenkomstig hierdie regulasies of ooreenkomstig soortgelyke klassifikasieregulasies van die land van herkoms geklassifiseer is.

(4) Die besonderhede in subregulasies (1), (2) en (3) bedoel, moet aangedui word in losstaande letters --

- (a) wat duidelik leesbaar is; en
- (b) waarvan die vertikale hoogte minstens 2 mm is.

(5) Wanneer ingevoerde vleis bestem vir verkoop in die kleinhandel in losmaat uitgestal word, moet die uitdrukking "produk van" gevolg deur die naam van die land, of lande van herkoms geskei deur en/of, in duidelik leesbare letters met 'n vertikale hoogte van minstens 10 mm aangedui word op 'n kennisgewingbord wat in die onmiddellike nabyheid van daardie vleis vertoon word.

(6) 'n Bees-, skaap- of bokkarkas wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer word, mag slegs met 'n ooreenstemmende aanduiding van die ouderdomsklas en/of vetheidsklas gemerk word indien die karkas ooreenkomstig hierdie regulasies geklassifiseer is: Met dien verstande dat --

- (a) sodanige aanduidings deur middel van 'n rolmerk, soos in regulasies 17, 18 en 19 bepaal, aangebring word; en
- (b) die land van herkoms ten minste twee keer in die rolmerk aangedui moet word.

(7) Behandelde vleis moet as deel van die produkbeskrywing die chemiese oplossing waaraan die vleis onderwerp was, aandui (bv. "...met pekel", "...met pekelgebaseerde mengsel", ens.): Met dien verstande dat --

- (a) 'n maksimum van 10% massatoename vir gehalteverbeteringsdoeleindes toegelaat sal word;
- (b) water alleen nie ingespuit mag word nie;
- (c) vleis nie behandel mag word slegs vir die doeleinde om die massa van die produk te verhoog nie; en
- (d) die verpakking op die hoofpaneel die kwantiewe bestanddeelaanduiding as 'n persentasie vir die vleis- en waterinhoud, in vetgedrukte hoofletters ten minste 3mm hoog, soos voorgeskryf deur die etiketteringsregulasies vir rougeprosesseerde vleis ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972), aandui.

#### ***Gebruik van die uitdrukings "lam" en "boklam"***

22. (1) Die uitdrukking "lam" mag slegs gebruik word by die verkoop van skaapvleis wat volgens hierdie regulasies as Ouderdomsklas A geklassifiseer is.
- (2) Die uitdrukking "boklam" mag slegs gebruik word by die verkoop van bokvleis wat volgens hierdie regulasies as Ouderdomsklas A geklassifiseer is.

#### ***Beperkte besonderhede***

23. (1) Geen merk, rolmerk of ander metode van begripsuitdrukking wat regstreeks of by implikasie 'n wanvoorstelling behels, mag op 'n karkas, houer of buitehouer van vleis gemerk of gestempel word nie.

(2) Gehalte-aanduidings soos die woorde "super", "prima", "prime", "top", "keur", "kwaliteit", "ekstra" of "ultra" of enige ander woord of uitdrukking wat regstreeks of by implikasie die indruk skep of kan skep dat vleis of 'n karkas van 'n spesiale of bepaalde gehalte anders as 'n eienskap in hierdie regulasies bedoel is, mag nie op die houer of buitehouer van vleis of op 'n karkas gemerk of gestempel word nie: Met dien verstande dat die beskrywing "prima rib" vir die betrokke vleissnit toelaatbaar is.



(3) 'n Gehalte-aanduiding mag nie op die houer of buitehouer van vleis of op 'n karkas gemerk of gestempel word nie tensy dit deur die uitvoerende beampte op versoek goedgekeur is: Met dien verstande dat --

- (a) indien nodig, die geskrewe versoek met 'n protokol wat beskryf wat die gehalte-aanduiding behels, asook bevestiging dat dit ge-oudit word, vergesel is; en
- (b) indien 'n ge-ouditeerde protokol nodig is die eienaar van die gehalte-aanduiding ook 'n kort opsomming van die gehalte-aanduiding protokol, tesame met kontakbesonderhede, vir publieke inligting voorsien.

(4) Geen vleis of karkasse van ander spesies of subspesies mag aangebied word synde bees, skaap, bok of vark te wees nie.

(5) Die bepalinge van hierdie regulasies is *mutatis mutandis* ook van toepassing op --

- (a) besonderhede wat op 'n kennisgewingbord direk by of in die onmiddellike nabyheid van die karkas, houer of buitehouer van vleis, aangebring is; en
- (b) advertensies en ander prosedures betrokke by die verkoop van die karkas of vleis.

#### ALGEMEEN

##### ***Misdrywe en strawwe***

24. Iemand wat die bepalinge van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf in ooreenstemming met artikel 11 van die Wet.









**NOTICE – CHANGE OF TELEPHONE NUMBERS: GOVERNMENT PRINTING WORKS**

As the mandated government security printer, providing world class security products and services, Government Printing Works has adopted some of the highly innovative technologies to best serve its customers and stakeholders. In line with this task, Government Printing Works has implemented a new telephony system to ensure most effective communication and accessibility. As a result of this development, our telephone numbers will change with effect from 3 February 2014, starting with the Pretoria offices.

The new numbers are as follows:

- Switchboard : 012 748 6001/6002
- Advertising : 012 748 6205/6206/6207/6208/6209/6210/6211/6212
- Publications Enquiries : 012 748 6052/6053/6058 [GeneralEnquiries@gpw.gov.za](mailto:GeneralEnquiries@gpw.gov.za)
  - Maps : 012 748 6061/6065 [BookShop@gpw.gov.za](mailto:BookShop@gpw.gov.za)
  - Debtors : 012 748 6060/6056/6064 [PublicationsDebtors@gpw.gov.za](mailto:PublicationsDebtors@gpw.gov.za)
  - Subscription : 012 748 6054/6055/6057 [Subscriptions@gpw.gov.za](mailto:Subscriptions@gpw.gov.za)
- SCM : 012 748 6380/6373/6218
- Debtors : 012 748 6236/6242
- Creditors : 012 748 6246/6274

Please consult our website at [www.gpwonline.co.za](http://www.gpwonline.co.za) for more contact details.

The numbers for our provincial offices in Polokwane, East London and Mmabatho will not change at this stage.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertensies: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057